Dienelkander



Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

"'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie! Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig."

18 Mei 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Piet Venter

Die Doop word vanoggend bedien aan Leah Badenhorst, babadogtertjie van Gerrie en Annalize. Ons is saam met hulle gesin baie dankbaar en verwelkom graag familie en vriende wat vandag saam met ons aanbid.

Prediking
Na aanleiding van die kerkraad se besluite oor die Begroting - soos in verlede Sondag se gemeentevergadering bespreek - fokus ons vanmore vanuit die Woord op ons dankbaarheid teenoor die Here en ons dankoffer.

Tema: My dankoffer is 'n verhouding met God en 'n verhouding met Sy seën in my lewe.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 107 – 1: 1, 10; Ps. 112 – 2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 2 – 5: 3 (Ps. 18 se 2 de mel); Votum; Seën; Lofsang: Ps. 116 – 2: 1 (almal), 2 (srs), 5 (brs), 6 en 7 (almal); Geloofsbelydenis: NGB Art 1 sing uit Sb. 12 – 3: 1 en 2

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20; Sing Psalm 50 – 1: 5, 6, 7 (Tweede mel); Gebed.

Woorddiens
Formulier vir die Bediening van die Doop;
Doopbediening: Sing na die doop
Ps. 105 - 1: 5; Gebed.
Skriflesing; Deut 14: 22 – 29 (2020 Vertaling)
Maleagi 3: 6 – 12 (1983 Vertaling)
Teks: Deut. 14: 24 en 29
Sing Ps. 96 – 2: 3, 4, 5 (Kleuters gaan na hulle bediening) Woordbediening.

Antwoorddiens
Dankgebed; Liefdegawes (Diakonie - Groot boks en Bybelverspreiding - Klein boks); Sing Sb. 17 – 1: 1, 5, 6; Seën; Amenlied: Sb. 13 - 3.

17:00 AANDDIENS: Ds. Piet Venter

Ons fokus vanaand op ons kwartaaltema deur op apologetiese manier die waarheid van die Woord oor die Sakrament van die doop aan die lig te bring. Ons leer waarom voor- en teenstanders van die Kinderdoop mekaar nie kan vind nie en hoe ons die Skrif moet verstaan in die verkondiging daaruit oor die Kinderdoop.

Preektema: Die doop is 'n genadedaad van God aan sondaarmense.

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 151: 1, 2; Votum; Seëngroet; Lofsang: Ps. 98 - 1: 1, 2; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Romeine 4: 1 - 12
Kolossense 2: 6 - 15
Belydenis: Heidelbergse Kategismus
Sondag 27
Woordbediening.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawes (Diakonie - Groot boks en Bybelverspreiding - Klein boks); Sing: Lied 292: 1, 2; Wegstuurseën; Amen
Sb. 13 – 2.

MEELEWING

- Tom Larney is Maandagnag aan 'n hartaanval oorlede. Ons dra vir Ment en haar kinders, kleinkinders en familie aan die troos van die Here op. Die begrafnis vind more-oggend plaas: 09:30 by die graf en 11:00 in die kerkgebou.
- Griet du Preez het verlede naweek geval en daar het inwendige bloeding ontstaan. Sy is in Medikliniek opgeneem vir toetse en behandeling en sterk nou tuis aan.
- Corrie du Plessis (plaas) het 'n ernstige vernouing in die rugmurgkanaal ontwikkel wat verskeie probleme veroorsaak. Sy is in Medikliniek opgeneem vir toetse en ondersoeke om te bepaal watter behandeling toegepas moet word.
- Susan Pretorius was Donderdag in Medikliniek opgeneem vir 'n biopsies. Sy sterk tuis aan.
- Pieter en Susa-Marie de Villiers is hierdie week in die middedorp in hulle motor beroof en het baie groot geskrik.
- Ons baie dankbaar saam met Gerrit en Hestie Jansen van Rensburg omdat baba Daniël uiteindelik huis toe kon kom na sy lang hospitalisasie.

ONS VERWELKOM

Elma van der Schyff, wat met attestaat vanaf GK Cachet by ons aansluit. Sy woon in De Hof't no 13, Hoffmanstraat 82, groep 13.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Bybelgenootskap Inligting - Elsabé Labuschagne
Katkisasie, les 13
Tee en Koffie
17:00 Aanddiens (Let asb daarop dat die aanddiens se tyd vir wintertyd verander)

Maandag
18:00 Kommunikasiedg

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Gr. 11
17:45 Bybelstudie: Naskoolse jongmense en studente

Donderdag
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

Volgende Sondag
Diakonie toerusting en kuier

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Bybelverspreiding (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 19 en 21.

SA BYBELGENOOTSKAP KUIER VANDAG BY ONS

Ons verwelkom graag ‘n oud-lidmaat van ons, Elsabé Labuschagne, wat as die GKSA se verteenwoordiger by die SA Bybelgenootskap werk. Sy gaan vir ons na die diens ‘n kort aanbieding doen oor die Bybelgenootskap. **Bybelverspreiding bly een van die beste maniere waarop elke lidmaat persoonlik betrokke kan wees by die uitdra van die Evanglie.**

‘N BYBEL IN ELKE HAND, GODS WOORD IN ELKE HART.

Ons missie

Dit is die missie van die Bybelgenootskap van SA (BSA), om bekostigbare Bybels vir elkeen in hul hartstaal en formaat van hul keuse te verskaf, sodat almal die lewegewende boodskap van God se Woord kan ervaar.

Werksaam

Die BSA is die primêre organisasie wat vir meer as 200 jaar vir die vertaling, publikasie en verspreiding van die Bybel verantwoordelik is. Ons is ‘n lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werksaam is.

Vennoot

Daar bestaan ‘n mooi en lang verhouding tussen die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) en die BSA. Die Sinode het die BSA as die GKSA se amptelike Bybelverspreidingsvennoot aanvaar, en moedig dan lidmate ook aan om ten minste een Bybel per jaar te borg teen ‘n R100.

Ons doen en late

Ons is geseënd en bevoorreg om voort te gaan met verskeie Bybelvertaling- en hersieningsprojekte, onder andere

Bybelvertaling:
- !Xuhn
- Khwedam
- Khelovedu
- TjiHlanganu
- Suid-Afrikaanse Gebaretaal Bybel (in samewerking met Hands with Words)

Verspreiding

Danksy die ondersteuning van ons donateurs kon ons ook gedurende 2024 die volgende Bybelmateriaal gratis versprei:

2	Braillebybels
2 543	Bybels vir graad 7-leerders
1 600	Bybels vir armes
7 244	Bybels vir gevangenes
6 938	Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal
435 159	Brood van die Lewe-reeks
1 209 350	Digitale Verspreiding

Baie dankie

Baie dankie aan elkeen vir u volgehoue gebede, asook u ondersteuning om hierdie kosbare dienswerk moontlik te maak.

Kontak my gerus vir verdere inligting.
Elsabé Labuschagne (Sinodale skakeldeputaat Bybel)
WhatsApp: 083 993 7565
e-pos: labuschagne@biblesociety.co.za

www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 18 Mei
Br CP Kloppers

Maandag, 19 Mei
Br Botha Burger
Br Pieter Kruger
Sr Alet Prinsloo

Woensdag, 21 Mei
Sr Lonè Andersen
Jbr Dewald Coetsee
Br Joubert Pretorius
Br Jan Schutte *
Sr Ursula Wijnberg

Donderdag, 22 Mei
Jsr Lehani Vorster

Vrydag, 23 Mei
Sr Rachel Steyn
Ds Pieter vd Walt *

Saterdag, 24 Mei
Br Thomas Nel

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

DIAKONIE BENODIG HULP!

Ons benodig hulp van gemeentelede wat bereid is om te help met ons Hospitaalbesoek Diensgroep se hospitaalbesoek aan lidmate. Die predikante besoek wel die lidmate, maar dikwels bly lidmate vir lang tye in die hospitaal en besoeke van medegelowiges beteken geweldig baie. Kontak asb vir: Ds Piet Venter / Riaan vd Walt.

KENNISGEWINGBORD

- Tannie Yda Vosser - so onthou ons haar!
- GK Fochville hou Wintermark - kom ondersteun!

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Potch DRUM SERVICES
DROMDIENSTE
SLEGS R85 P/MAAND
ONLY R85 P/MONTH
TUINVULLIS VERWYDERING
GARDEN REFUSE REMOVAL

Dienste per week sluit in:	Services per week includes
•Leeg maak van drom	•Emptying of drum
•Drie swartsakke	•Three refuse bags
•OF slegs vyf swartsakke (GEEN drom)	•OR five refuse bags only (NO drum)
PENSIONARISSE	**PENSIONERS**
25% afslag!!	25% discount!!

MARINUS 071 369 7866

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Lorette Bester en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Em Volschenk en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
8 Junie	Sondag	18:00	A	Ouderlingverversings
17 Junie	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
22 Junie	Sondag	12:00	C	Nagmaalete
24 Junie	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nommer het verander!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch